

Hoofstuk van die dag: Josua 19

> *Nadat die Israeliete die land in sy onderskeie gebiede aan die stamme toegewys het, het hulle aan Josua seun van Nun ’n eiendom tussen hulle toegeken. (vers 49)*

Die verdeling van die land onder die twaalf stamme kan

vergelyk word met ’n erflating wat tussen die kinders verdeel word. Dikwels hoor ’n mens van groot ongelukkigheid en selfs erge vyandskap as die verdeling nie volgens almal regverdig is nie.

Hierdie gevaar was natuurlik ook groot toe Josua die land tussen die verskillende stamme verdeel het. As daar net ’n sweem van bevoordeling of onregverdigheid iewers bespeur is, sou die gort gaar gewees het. Ons lees niks daarvan nie, wat ’n baie groot prestasie van Josua was. Hy het regverdig en met integriteit opgetree. So hoort dit by ’n godvresende leier.

In ons moderne wêreld waar dit dikwels ’n geval is van elke man vir homself; waar mense hulle nie steur aan landswette en regulasies as dit hulle nie pas nie, is die versoeking groot dat mense gryp wat hulle nie toekom nie, veral as jy in ’n posisie is om die stelsel te manipuleer om jouself te verryk ten koste van ander. Lees gerus wat Jesus hieroor sê in Matt. 20:25-28.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026